# DIE SWART LUIPERD

No. 57
Die Monsters
van Komo



MEIRING FOUCHE

Die Swart Luiperd spring, met die krag en snelheid van 'n jong maanhaarleeu. Hy tref die aapman wat na die deur beweeg met soveel geweld dat hy die swaar harige liggaam met 'n slag teen die selmuur slinger. Die harige hande gryp wanhopig na hom, maar met die behendige ratsheid van 'n akrobaat wikkel die Luiperdman onder hom uit en die volgende oomblik is hy soos 'n skim by die deur uit.

Toe die ander twee aapmanne hulle na die deur toe slinger is hulle net betyds om te sien hoedat dit voor hulle oë toegeslaan word. Hulle gooi hulle swaar liggame brullend daarteen, maar tevergeefs. Van buite af het die Swart Luiperd die houtdeur blitssnel toegestamp en die swaar grendel laat sak.

Stofomslag: Chris du Plooy

6 000256 000063

# DIE SWART LUIPERD

No. 57

## Die Monsters van Komo

R1,50
a.v.b. uitgesluit



MEIRING FOUCHE

## INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Die Verlore Professor ........ 3
2. Snaakse Ruiter ........ 12
3. Vonds in die Woud ........ 21
4. Die Brief ........ 29
5. Pad Gesluit ........ 39
6. Dood by die Afgrond ........ 49
7. Die Gevangene ........ 58
8. Na die Kerker ........ 66
9. Van Mens tot Dier ........ 75
10. Drama in die Nag ........ 86



## DIE VERLORE PROFESSOR

In die ruskamer van 'n klein plattelandse hotelletjie in die noordwestelike uithoek van Kenia sit die groot man met sy donker hare en sy yslike groot liggaam gemaklik en suig aan 'n lang koel glas bier. Hierdie is vir hom aangename oomblikke want hy ontspan. 'n Geruime tyd was hy weg van die beskawing. Dit is nou die eerste maal dat hy teruggekeer het. Daarom dat hy so lui uitgestrek sit en belangeloos kyk na die paar mense wat voor die drinkbankie sit wat van pragtige inheemse hout gemaak is.

Met 'n tikkie onrus gewaar hy egter 'n jong dame, een van die pragtigstes wat hy nog ooit gesien het, telkens onderlangs na hom loer. Sy is klein en blond en sy het twee helderblou oë. Dit lyk asof sy oorloop van lewenskrag want sy gesels lewendig met die mans om haar en elke keer lag sy ewe vrolik.

Die lang man hoop tog nie dat hulle hier uitgevind het wie hy is nie. Daar is van die mense in die hotel wat weet wie hy is maar hy vertrou dat hulle hul monde sal hou. As daar een ding is wat hy nie graag bekend wil hê nie, dan is dit sy identiteit. Daarom het hy spesiaal laat hier aangekom en met die hotelbaas gaan praat. Hy het sy diere in die donker versorg en die hotelbaas gevra om nie bekend te maak wie hy is nie. Maar uit ondervinding het hy al geleer dat sy identiteit nie lank onbekend bly nie. Hy is seker dat daardie jong dame reeds weet wie hy is en dit ontstem hom.

Dit duur ook nie 'n honderd jaar nie of die meisie swaai om op die ronde stoeltjie waarop sy gesit het en kom ewe vriendelik na hom toe aangestap. Nog sonder dat hy haar nooi, kom plak sy haar op 'n stoel by hom neer, kyk laggend na hom en sê: ,,Ek weet wie u is.''

Hy glimlag goedig vir haar. ,,As u weet wie ek is, sal ek dit waardeer as u dit vir uself hou.''

Sy leun vooroor en vertroulik fluister sy: ,,U is tog die beroemde Swart Luiperd? U is tog die man wat so deur die woude

trek, nie waar nie?''

Eers wou hy dit ontken, maar hy weet dat dit tog nie sal help nie. ,,Ja, ek is die Swart Luiperd,'' sê hy. Onmiddellik voeg hy daarby: ,,En ek is op pad huis toe. Ek het baie rondgeswerf in die woude van Zaire en van Kenia. Nou is ek moeg. Ek het 'n vrou en 'n seun in Suid-Afrika, in die Transvaal waar ek 'n beesplaas het. Daarheen is ek nou op pad. En niks en niemand sal my daarvan weerhou nie. U sien, ek verlang huis toe.''

Met die bewondering duidelik in haar blou oë, sê sy: ,,U is 'n wonderbaarlike man. Ek kon my nooit voorstel dat u so normaal lyk nie—net soos 'n gewone man.''

Dit laat hom lag, en sy aantreklike gesig, bruin en sterk soos leer, verkreukel effens om sy oë en om sy mondhoeke.

,,Ek is Emily Nourse,'' stel sy haarself voor. Hy neem haar klein handjie en druk dit in syne.

,,Aangename kennis, mejuffrou Nourse,'' sê hy.

,,Mevrou Nourse,'' help sy hom reg.

Hy bloos soos 'n seun. ,,Ek is jammer. Ek het nie geweet dat u getroud is nie.''

,,Ja, ek is getroud en my man is ook hier. Hy is net iewers besig maar ek verwag hom enige oomblik,'' sê sy. ,,Ek dink hy wil met u gesels.''

,,Met my gesels?''

,,Ja,'' sê sy en tower haar mooiste glimlag op haar gesig. ,,Ek dink ons het u nodig.''

,,Mev. Nourse,'' sê die Swart Luiperd. ,,U moet dit asseblief uit u kop stel. Ek onderneem geen ekspedisies nie. Soos ek u reeds gesê het, ek is op pad huis toe. Ek is al verskeie maande van die huis af weg. En nou gaan ek daarheen terug.''

Op daardie selfde oomblik kom 'n lang blonde kêrel die kroeg ingestap. Hy is slank, maar dit is duidelik dat daar krag in sy liggaam is. Sy blou oë het omtrent dieselfde kleur as dié van Emily. Hy kyk 'n oomblik rond toe sien hy haar sit en kom dadelik oorgestap na die tafeltjie van die Swart Luiperd.

Die groot man kom orent en hy troon oor almal daaromheen





sodat almal wat daar byeen is, met verbasing na hom kyk.

,,Liefste,'' sê Emily, ,,hierdie is die man na wie ons gesoek het. Hierdie is die beroemde Swart Luiperd. Ek het hom opgespoor en met hom kennis gemaak. En hierdie, Swart Luiperd,'' sê sy, ,,is my man, dr. John Nourse van die universiteit van Glasgow.''

John Nourse steek sy hand uit en groet die Luiperdman. ,,Dit is vir my 'n besondere eer om u te ontmoet. Ek het al so baie van u gehoor en so dikwels van u gelees,'' sê hy, ,,dat u vir my soos 'n legende geword het. Ek is dankbaar om te sien dat u so 'n normale mens is.''

Die Swart Luiperd glimlag net en gaan sit weer. John Nourse kom sit by hom en bestel iets om te drink.

Die man lyk ongemaklik, byna onrustig. Hy kyk gedurig na die Luiperdman, dan na sy vrou en dan weer op 'n ander plek. Hy vryf sy hande inmekaar en dan kyk hy af. En dit is vir die Luiperdman duidelik dat hy graag iets wil sê maar nie sover kan kom nie.

Eindelik, om die man se verleentheid te breek, sê die Luiperdman: ,,En wat bring u en u aantreklike vrou na hierdie uithoek van die wêreld?''

,,Dit'' sê John Nourse, ,,is 'n belangrike en interessante verhaal, Swart Luiperd. As u nie omgee nie, kan ons daaroor gesels.''

,,Ek luister altyd na interessante verhale,' sê die Swart Luiperd en drink weer 'n teug aan die koel bier. Toe glimlag hy. ,,Gewoonlk drink ek nie bier nie, maar as ek so 'n slag weg gewees het van die beskawing dan is dit vir my lekker om weer 'n slag 'n koel bier te drink.''

,,Ek is seker dit is so,'' sê Emily Nourse. ,,Ek gaan u nie verlaat voordat u ons nie vertel het van u ondervindings nie. Nie alles nie want dit is onmoontlik—maar net die vernaamste ondervindings wil ek hoor voordat ek weggaan. My man is verbonde aan die universiteit van Glasgow. Ek werk op 'n groot Skotse oggendblad en ek is van plan om 'n reeks artikels oor u te gaan skryf.''

Die Swart Luiperd lag 'n bietjie verleë. ,,Ek praat nie graag

oor my omswerwinge nie,'' sê hy. ,,Ek wil nie graag klink soos 'n Tarzan nie.''

John Nourse en Emily bars uit van die lag. ,,Ek het nog nooit iemand so beskeie gesien nie,'' sê Emily. ,,My liefste,'' sê sy, ,,ek dink jy moet sommer dadelik met die Swart Luiperd praat oor ons sending. Ek dink ons gaan swaarkry om hom oor te haal om ons te help, maar ek dink tog ons moet probeer.''

John Nourse kyk na die Oerwoudman. So kragtig, so bruin en tog ook so menslik. ,,Luiperdman,'' sê hy, ,,ek het 'n besondere probleem. Dit staan in verband met my vader. My vader is professor Ian Nourse. Ook van die universiteit van Glasgow.'' Hy glimlag. ,,Ja, ons twee is altwee verbonde aan die universiteit van Glasgow. Daar is net een verskil. Ek is lektor in die wiskunde, en my vader is professor in die dierkunde.''

Die Luiperdman se oë vernou. Hy wonder wat nou weer hier gaan ontplooi.

,,U sal seker wonder,'' sê dr. John Nourse, ,,wat my vader te doen het met die feit dat ek en my goeie vrou hier is.''

,,Ja, ek sou dit graag wou hoor,'' sê die Swart Luiperd.

,,Dit is 'n ongelukkige verhaal,'' sê John Nourse. ,,My vader het 'n baie intensiewe studie gemaak van sekere insekte en diere in afgeleë dele van Afrika. By hom was dit feitlik 'n lewenstaak. Hy het dikwels reise na Afrika onderneem en met die verbasendste voorbeelde van onbekende klein reptiele en klein insekte teruggekom.''

'n Oomblik swyg John Nourse en kyk op sy hande af. ,,Omtrent twee jaar gelede het my vader weer na Afrika gekom. Hy het nooit teruggekom nie.''

Die Swart Luiperd kyk aandagtig na die jong man. Sy hare is koringblond. Sy oë is lewendig en intelligent. Hy is klaarblyklik 'n doodeerlike man.

,,Dit spyt my besonder om dit te hoor. Het u nog geen taal of tyding van hom gehoor nie?''

,,Ek sal nog daarby kom,'' sê John. ,,In hierdie twee jaar is hy eenvoudig skoon verlore. U kan besef watter geweldige skok dit





vir my, my moeder en my ander familiebetrekkinge was toe my vader nie teruggekeer het nie. Ons het die een soekeskpedisie na die ander op tou gesit maar tevergeefs. Die Britse regering en die regering van Kenia het alle moontlike hulp verleen maar tot vanaand toe is hy nog nie opgespoor nie.''

,,Na watter deel het hy dan gekom,'' vra die Swart Luiperd.

,,Dit is juis die punt,'' sê John Nourse. ,,Hy het nie juis 'n besonder onbekende deel binnegegaan nie. En tog het hy eenvoudig spoorloos verdwyn. Sover ons kan vasstel, is daar in die deel waarheen my vader gegaan het, nie juis vyandige inboorlinge nie. Hy ken 'n hele aantal inboorlingtale. Hy is 'n aangename man. Hy weet hoe om met hulle om te gaan en hy is ook terselfdertyd 'n mediese dokter. Hy het hom goed voorberei vir hierdie tog. Ons kan nie aanneem dat hy eenvoudig siek geword het en nie in staat was om terug te keer nie. Hy het gekom na 'n plek in Zaire. Dit is omtrent reg suidwaarts hiervandaan en ook nie besonder ver hiervandaan nie. Ons het daardie omgewing herhaalde male gefynkam maar sonder sukses. Ons het later moed opgegee. Ons het eenvoudig aanvaar dat iets met my vader gebeur het. Dat hy op die een of ander manier om die lewe moes gekom het.''

Die Luiperdman kyk oor sy bierglas na die jong blonde kêrel. ,,Nou goed,'' sê hy, ,,as u dan moed opgegee het, waarom is u nou weer hier?''

,,Dit sal ek u vertel,'' sê dr. Nourse. ,,Ek wil aan u iets wys. Dit is die rede waarom ek hier is saam met my vrou.''

Hy steek sy hand in sy sak en haal 'n duur notebeurs daaruit. Hy slaan dit oop en haal daar uit iets wat die belangstelling onmiddellik gaande maak. Dit is 'n kleinerige, vierkantige, glansende stukkie hout. John Nourse oorhandig dit aan die Luiperdman en hy betrag dit noukeurig.

Op die stukkie hout is 'n paar syfers ingegraveer. Dit lyk asof die syfers met 'n warm draad of moontlik met die warm lem van 'n knipmes daarin gegraveer is. Die oerwoudman sien onmiddellik wat dit is. Dit is 'n aanwysing in verband met 'n lengte- en 'n breedtegraad. Dit is ál wat daarop is, niks verder nie.

Hy kyk na John Nourse op en in sy binneste gloei die belangstelling. ,,Hierdie lyk baie interessant. 'n Stukkie hout—dit lyk baie soos geelhout—waarop 'n paar swart syfers geskryf staan. Klaarblyklik 'n lengte- en breedtegraad, nie waar nie?''

,,Dit is korrek,'' sê John. ,,Dit is 'n lengte- en 'n breedte graad wat daar aangegee word. As 'n mens daarvolgens werk, dan kan jy feitlik met 'n naald op die landkaart druk en aandui waar daardie plek geleë is wat hier aangegee word.''

,,Waar is die plek geleë?'' vra die Swart Luiperd.

John Nourse glimlag. ,,Dit is hier in Afrika geleë, Swart Luiperd. Ook nie besonder ver hiervandaan nie.''

,,Hoe het jy dit in die hande gekry, hierdie stukkie hout? Ek bedoel, waar kom dit vandaan?''

,,Hierdie stukkie hout,'' sê John Nourse, ,,het my op 'n baie vreemde wyse bereik. Dit was eenvoudig in 'n pakkie opgemaak en korrek aan my geadresseer na die universiteit van Glasgow. Daarby was 'n kort briefie van 'n swart kommissaris in Kenia, noordweswaarts hiervandaan naby die grens van Kenia, Zaire en die Soedan. Dit is 'n uiters afgesonderde plek.''

,,Maar dit is eienaardig,'' sê die Swart Luiperd.

,,Ja, dit is hoogs eienaardig,'' sê John. ,,Die swart kommissaris was vriendelik genoeg om aan my te skryf hoe hy in besit gekom het van hierdie stukkie hout. Dit is aan hom afgelewer deur 'n vreemde inboorling wat hy nie eintlik baie goed kan plaas nie. Hy verbeel hom dat die skepsel uit Zaire moet kom. Hy het probeer navraag doen, meer besonderhede uitvind, maar hy verstaan die taal van die inboorling nie baie goed nie. Toe het hy maar die stukkie hout in 'n pakkie gemaak en aan my gestuur.''

,,Maar hoe het die kommissaris geweet wie jy is en waar jy is?'' vra die Swart Luiperd.

,,Dit is eenvoudig,'' sê John. ,,As jy net die stukkie hout omdraai sal jy sien.''

Die Swart Luiperd voel verleë omdat hy nie daaraan gedink het nie. Agter op die houtjie staan John Nourse se adres volledig uitgewerk. Op dieselfde wyse as die aanwysings op die keersy van





die stukkie hout.

,,Verskoon my dat ek so onnosel is,'' sê die Swart Luiperd, en John Nourse en Emily gaan hartlik aan die lag.

,,Wat het u vader laat besluit om op daardie nuwe sending uit te gaan?'' vra die Luiperdman.

,,Dit is ook iets besonders,'' antwoord John. ,,In sy navorsinge het my vader afgekom op allerhande wilde legendes oor plekke en diere en insekte. Hy het toe op 'n plek afgekom waar daar die mees fantastiese insekte en reptiele is. Vlinders wat so groot is soos voëls, akkedisse byna so groot soos krokodille en so meer.''

Toe hy die half siniese uitdrukking op die Swart Luiperd se gesig sien, lag die geleerde. ,,Ek weet dit klink fantasties,'' sê hy. ,,Maar my vader verwerp nooit iets tensy hy dit nie self ondersoek het nie. Daarom het hy hierdie legende kom ondersoek.''

,,Nou ja, as u hierdie aanwysing het, dan het u dit tog seker al nagegaan,'' sê die Swart Luiperd. ,,Presies waar is dit?''

,,O, ja,'' antwoord John, ,,ek het hierdie aanwysings onmiddellik nagegaan. Ek het afgekom op 'n plek nie ver van die grense van Kenia, Zaire en die Soedan nie.''

,,Dit klop dan met daardie houtjie wat die inboorlinge na die swart kommissaris gebring het.''

,,Dit is korrek,'' antwoord John. ,,Hierdie plek is geleë in Zaire. Soos ek reeds gesê het, dit is 'n uiters afgesonderde plek. Weinig is daaroor bekend. Maar wat my veral interesseer, is dat daar op die plek, volgens die aanduiding op die stukkie hout, 'n krater van 'n uitgewerkte vulkaan geleë is.''

,,Dit is interessant,'' sê die Oerwoudman.

,,Besonder interessant,'' antwoord John. ,,Ek het vasgestel dat dit genoem word die Krater van Komo.''

,,Dié ken ek nie,'' sê die Oerwoudman.

,,Dit verbaas my nie,'' sê John. ,,Blykbaar is daar baie weinig mense wat dit ken. Ek weet nie wat die rede daarvoor is nie. Blykbaar skrik dit die meeste mense af—selfs die inboorlinge. Hoe my vader daar uitgekom het, weet ek nie, want sover ek weet, is dit

ver van die plek waarheen hy in die eerste plaas gekom het."

Die Swart Luiperd sit agteroor en kyk na die oorblywende bier in sy glas en toe sê hy: ,,Moet ons dan aflei dat u vader nog leef?"

,,Dit is ál afleiding wat ek kan maak," sê John. ,,Ek is daarvan oortuig dat dit my vader is wat hierdie stukkie hout aan my gestuur het."

,,Maar as hy dan leef, waarom laat hy nie van hom hoor nie? Waarom het hy dan nie teruggekeer nie?"

,,My liewe Luiperdman," sê John Nourse, ,,dit is eintlik die geheim wat ek gekom het om op te los. Ek is absoluut vasbeslote om hierdie keer my vader op te spoor, al gebeur wat ook al. Ek is oortuig dat hy leef en ek wil uitvind wat gaande is. Die feit dat hy nie teruggekeer het nie, is bewys dat hy moontlik iewers gevange gehou word." Die jong man kyk dringend na die Swart Luiperd. ,,En dit is daarom dat my vrou en ek graag u hulp wil hê. ,,Kyk, ek ken Afrika nie goed nie. Sy gevare en sy lokvalle is vir my 'n geheim. Maar soos ek gesê het, ek is vasbeslote om my vader te soek en hom te vind. Wil jy ons nie maar help nie?"

,,Ek kan nie," sê die Swart Luiperd. ,,Ek kan u omstandighede baie goed begryp. Ek kan u probleem verstaan. Dit moet 'n geweldige ding wees om jou vader op dié wyse te verloor. Maar my liewe man, soos ek reeds aan u vrou verduidelik het, ek is op pad terug huis toe. Elke keer gebeur dit nou. Ek het al 'n paar maal probeer om terug te keer. Maar elke keer voordat ek die kus bereik, ontstaan die een of ander ding en dan moet ek maar weer my reis onderbreek en teruggaan die woude in." Hy staan op. ,,Dit was aangenaam om u te leer ken, dr. Nourse—en vir u, mev. Nourse. Ek sal oor die saak slaap. Moet my asseblief nie nou om 'n beslissing vra nie."

Emily Nourse spring op en gryp sy hand vas. ,,Ons is dankbaar dat u nie sommer onmiddellik ons versoek van die hand gewys het nie. Ons is baie dankbaar en voel geëer dat u minstens daaroor wil nadink."

John Nourse staan ook op en sy oë soebat. ,,Luiperdman," sê





hy, ,,ons kan u omstandighede ook verstaan, maar u moet ons werklik nie in die steek laat nie. Ons het sommer blindelings hierheen gekom in die hoop dat ons iemand sou vind om ons te vergesel, om ons die pad te wys en om ons ook te beskerm, en wie weet watter geheim skuil nie dalk in die Krater van Komo nie. Iets wat u miskien ook sal interesseer. Wie sê dit is 'n legende dat daar sulke insekte en diere is? Dit is 'n snaakse wêreld hierdie, Swart Luiperd, nie waar nie? En ek weet dat avontuur in u bloed is. Vergesel ons nou op hierdie avontuur. Ek is seker dit sal nie te lank duur nie. En wanneer dit klaar is, sal ek sorg dat u op my koste na die kus geneem word net so gou as wat moontlik is."

Die Luiperdman glimlag vir hulle, sê vir hulle nag en stap weg.